Eerste uitgawe - 2011

Koeda

Pretoria Bonsai Kai

The word Koeda is Japanese and means 'Graceful branch'. It is pronounced Ko-eda.

- **Pretoria Bonsai Kai bestuur:**
- Voorsitter – Org Exley
  082 809 2037
- Onder voorsitter –Brandon Roode
  083 399 1997
- Tesourier - Daan du Toit
  012 567 2520
- Sekretaresse – Mariaan Erwee
  083 377 7893
- Skakelbeampte—Christa Vermaak
  083 388 4736
- Addisionele lede :
  Otto Koekemoer
  Ben Kruger
  Martin Kruger

Enige idees, artikels of terug-voering rakende die nuusbrief kan gegee word aan Jaco Kriek by:

jaco.kriek@af.aurecongroup.com

In hierdie uitgawe

Van die redakteur.	1
Briewe bus / Vra is vry	2
Boomkyk uitstappie	2
Terugvoering	4
Powdery mildew	5
Meeting 8 January	6
Brat vergadering	9
Bonsai kalender	12
Vergadering van 5 Feb	14

Van die Redakteur.

Bonsai vriende

Met hierdie eerste uitgawe van 2011 wil ek aan almal 'n geseënde jaar toewens. Mag almal voorspoed en geluk ervaar en mag julle baie plesier uit julle bonsai put. Neem ook deel aan die kai se aktiwiteite en vergaderings. Dit is tog waar mens die meeste ondervinding opdoen en die meeste leer.

I am sure you will agree that we had one of the wettest December and January seasons in a long time. This is proved by the floods that many areas had. I watered my bonsai (or should I rather say plants) on 12 December last year and only had to water them again on 30 January this year. That means 49 days of not watering by hand and relying only on the rain.

My plants have really grown a lot from all the rain water. Remember that although rain water has nitrogen in it, which is beneficial to our bonsai, lots of other trace elements are washed from the soil. These trace elements should be replaced by means of a balanced fertiliser.

Daar was natuurlik nie net in ons land vloede nie maar ander dele van die wêreld, soos Australië, het geweldige vloede en oorstromings beleef. Baie stemme gaan in hierdie tyd op dat dit a.g.v 'global warming' is. Of dit wel so is of nie weet ek nie, maar wat ek weet is dat meeste mense wat bonsai beoefen ook natuurliefhebbers is en omgee vir die behoud van die natuur en ons omgewing. Ek wil graag nou en dan ook kort beriggies plaas wat te doen het met die natuur en die bewaring daarvan. Stuur dus asb aan my sulke inligting en raad oor die natuur.

Bonsai groete.

Jaco

"The only man who never makes a mistake is the man who never does anything."

Briewe Bus / Vra is Vry

Geagte Meneer Kriek.

Ek het u epos op die internet gekry en sien u is betrokke by ‘n Bonsai klub?

Ek het ‘n bonsai boompie persent gekry en merk nou dat die stam bietjie wit “mildew” (muf) op het. Waar kan iets gaan koop om dit te behandel en wat moet ek koop?

U hulp word regtig baie waardeer.

Kind regards,

Jan du Toit

See article on powdery mildew on page 5 - red

“Mistakes are embacing when they happen, but years later you have a collection of mistakes, called experience, which leads you to SUCCESS!”

Boom kyk uitstappie - deur Ingred Vorwerk Marren.

In Desember 2011 het ek en oom Theuns Roos op die R 513 na Brits gery vir ’n ’boomkyk’ uitstappie. Eers ry ons verby die wildevye wat in en om die klipmuurkraal aan die noordelike voet van die Magaliesberg, wat ons tevore besoek het, staan. Oom Theuns vertel van die groot vy wat in die omgewing van Theresapark was. Dié boom wat die middelpunt van ‘n piekniek en onstpanningsarea sou wees is dood: ‘n onnadenkende piekniekganger het binne-in die boomstam vuur gemaak en sodoende die boom vernietig. Oom Theuns voel bedroef oor die pragtige erfenis wat deur dié onbesonnenheid vernietig is.

Net anderkant De Wild en net voor die Brits pad, die R511, stop ons by die eerste groot boom van die dag en staan verstom voor die mooi van die boom. Dit het baie sytakke wat die mooi stam en die mooi takke toegroei, maar ons is al om die boom en al om die rommel onder die boom om die reus van alkante te beskou.

Vervolg op bl 3

Boomkyk uitstappie - vervolg van bl 2

Op die stam is ’n 1946 datum uitgekerf wat vêr bo mens se reik is: ’n aanduiding van hoeveel dit in meer as 60 jaar gegroei het. ’n Foto hiervan is hierby te siene.

Effens verder is twee ander grotes waarby ons verby ry. Net verder is die huidig nog mislukte ontwikkeling wat oor die pad rek. In die een hoek van die gebied staan die mooiste nabome en bosveldbome wat seker ook die ewigheid sal ingaan as die mense begin om hulle reuse ‘monstrocities’ daar te bou.

Hierna is ons met sand-plaaspaadjies in aan die bergkant van die R513 om na ’n begrafplaas van ’n familielid te soek en waar sy broer ook ’n plaas gehad het, en te kyk of ons ’n oubekende op die een plaas kan kry. Oom Theuns vertel van plase sonder water en van dié waar daar net langsaan baie beskikbaar is. Langs albei kante van die plaaspad is daar báie mooi bome in dié spesiale stuk van die bosveld met sanderige grond aan die voet van die Magaliesberg. Van die paaie en plase is ontoeganklik en omhein en behek, sonder wagte, sodat ons op die ou end nie die begrafplaas kry nie.

By Damdoryn draai ons regs op die R512 en ry ons in by die “Elephant Sanctuary” sodat ek vir oom Theuns kan wys hoe simpatiek die mense die veld hanteer en hoedat dit simpatiek in die veld ingenestel is. Net oorkant die pad is daar pragtige groot wildevye. Van hierdie vye het veelvuldige stamme en staan aan die voorkant van die inrypad soos wagte. Net verder is die “Monkey Sanctuary” waar daar ’n boord veselperskes om die parkeerplek is en vrugte swaar en groen hang. Die geboue en paadjies is tussen die pragtige bome, waar ons weereens mooi fotos neem en die groei van elkeen ontrafel. Vir die besoek aan die apies self is daar houtpaadjies tussen die bome en groot dele hoog bo die woudvloer, alles agter beheining. Die hout-paadjies loop tot hoog in die berg, waar daar ook ’n waterval is. (Ek het dit al tevore besoek en dis die moeite werd vir beide die apies en die bome.)

Daar naby op die pad sonder nommer op die padkaart (kortpad tussen twee dele van die R512) is die groot verassing vir oom Theuns. Ek kyk al jare na die boom: van die pad af lyk dit asof dit ’n potsierlike kort stam het. Ons stop sommer dwars voor die hek en kry gelukkig die tuinman wat ons toelaat om in te gaan. Wat ’n verassing: dis ’n reuse boom, met ’n lang stam, maar die takke hang swaar, lank en laag na die grond toe. Die boom is so groot dat daar selfs ’n naboom binne in die een mik groei!

Vervolg op bl 4…...

Boom kyk uitstappie - vervolg van bl 3

Oom Theuns en die tuinman verdwerg daarvoor waar hulle langs die muur wat om die boom gebou is staan. Die eienaar van die plaas pas dit goed op. 'n Huurder wat daar in 'n woonstel woon, stuur vir my 'n foto na my selfoon van die boom in die lente met rooi blare. Volgens hom is die rooiblaarvy se nuwe blare in die lente nie elke jaar rooi nie.

Ons albei is hartseer oor die bonsai by 'n kwekery daar naby (op die R512): die bome is ten duurste beskikbaar, maar kry swaar in die warm bosveldson en het volgens ons baie aandag in die vorm van 'n kennershand, baie meer water en vars grond nodig. Meeste van die bome is inheemse spesies. Daar is ook jong boompies as bonsai te koop.

Later is dit my beurt om hartseer te voel: by "Leopard Creek" aan die Suidekant van die Magaliesberg op die R512 wou ek oom Theuns 'n boom daar wys wat op sy elmboog lê, maar helaas dié is ook dood. Dis waarskynlik omdat die hele area om die boom geplavei is en die boom se wortels beskadig is met die bou van 'n muurtjie daar naby. Vanaf die hoofgebou is daar 'n pragtige uitsig oor die vallei waarin die Hartbeespoortdam lê en langs die pad hiernatoe is die bosveld geil en dig.

Die tyd is te min en die dag te kort, want ons wou nog graag na die kremetart by die Brits Hoërskool en na die Vrede-boom op die R511 gaan kyk en ook na twee kwekerye op die R513, maar laat dit vir 'n volgende keer. ♣

Powdery Mildew By Marie Iannotti, About.com Guide

Powdery mildew is one of the most common and easily recognized plant diseases. Almost no type of plant is immune, however some are more susceptible than others.

Recognizing Powdery Mildew

As the name implies, powdery mildew looks like powdery splotches of white or gray, on the leaves and stems of plants. There are actually several types of powdery mildew fungi, but they all look basically the same. You may not notice a problem until the top surfaces of the leaves turn powdery, but powdery mildew can also affect the lower leaf surface, stems, flowers, buds and even the fruit.

Although powdery mildew is unattractive, it is rarely fatal. However it does stress the plant and severe or repetitive infections will weaken the plant. If enough of the leaf surface becomes covered with powdery mildew, photosynthesis is impaired. Infected leaves often fall prematurely. This can be a particular problem on edible crops, since insufficient photosynthesis can diminish the flavor of the fruit or vegetable. If buds become infected, they may not open and mature at all.

Powdery mildew fungi are host specific, meaning the different powdery mildew fungi infect different plants. The powdery mildew on your lilacs will not spread to your grapes or your roses. However all powdery mildews favor the same conditions.

What Causes Powdery Mildew?

Powdery mildew fungi seem to be everywhere. They overwinter in plant debris begin producing spores in the spring. These spores are carried to your plants by wind, insects and splashing water. Conditions that encourage the growth and spread of powdery mildew include:

- Dampness or high humidity
- Crowded plantings
- Poor air circulation

Once Your Plants are Infected:

- Remove and destroy all infected plant parts
- Improve air circulation by thinning and pruning
- Don't fertilized until the problem is corrected. Powdery mildew favors young, succulent growth
- Don't water plants from above
- Apply a fungicide: There are many fungicides available. Check the label to be sure they are safe and effective on the type of plant that is infected. Look for ingredients such as: potassium bicarbonate, neem oil, sulfur or copper. There are also chemical fungicides, such as triforine, that can be used on ornamental plants. There is also a home remedy made from baking soda that is effective.

  Most fungicides will need repeat applications every 7 - 14 days, for continuous protection. Always follow the label instructions for both application and waiting period.

♣

Meeting of 8 January 2011

As allways we had an hour of working and styling trees. After the usual hours work on trees we were introduced to Steve Tolley, who conducted the talk and demonstration of the afternoon. Steve is from the UK and owns a bonsai school and studio called Four Dimensional Art, with the aim of helping to raise the standards of UK bonsai. Many of his trees and trees created for clients are winning awards and receiving international recognition. Steve studied under bonsai master Hotsumi Terakawa.

Steve have had articles published in British and international magazines and have given workshops and demonstrations both in the UK and Europe and in America.

He teaches bonsai at his nursery and is also busy on the UK bonsai scene giving demonstrations, workshops and talks to clubs and associations.

Many of the trees that he have styled or worked on have been exhibited at National level in the UK and in Europe at the prestigious Ginkgo Award and Noelanders Trophy, with many trees now receiving awards at these events and catching the attention of bonsai lovers.

Continue on pg 7…….

Meeting of 8 January .....continue from page 6

In 2005 Steve was a guest demonstrator and workshop leader at the World Bonsai Congress in Washington DC. At this event he was also awarded the Bonsai Clubs International 2005 ARTIST, WRITER AND PHOTOGRAPHER AWARD. In January 2006 he was a guest demonstrator at the Noelanders Trophy in Belgium and in May 2006, he was a guest artist holding workshops and demonstrating at America's number 1 nursery at "Brussels Rendezvous 2006" in Memphis, USA.

Steve is also a breeder of Boerboel dogs, which was really the reason he visited Pretoria.



Steve Tolley

Steve talked to us about Junipers and stated that the Juniper was recommended as a beginner's tree in Europe and Japan, as they are very tough and easy to care for.

Steve then demonstrated styling on a Juniper, belonging to Daan du Toit. Steve made sketches of possible styling options of the tree. He said that he does not talk about the front of a bonsai but rather the preferred viewing position. That is the position from which the tree appears at its best. That will include things like good nebari etc.

Continue on pg 8…..

The Juniper before any work was done.

Steve and Hannes applying wire.

Meeting of 8 January.... Continue from page 7

One of the possible styling options would require severe bending of the trunk. Steve explained how this could be achieved by hollowing out the trunk, placing aluminium wire inside, wrapping with raffia and then bending the branch. He decided against that option due to time limitations.

Steve then opted for the three trunk design. One trunk being to the back. Hannes and Johan helped Steve with wiring the branches and even the tips of the foliage. During the whole process Steve talked us through his philosophy on bonsai. Steve said that to him bonsai is horticulture, technique and aesthetics. He also sees bonsai as four dimensional being, width, height, depth and TIME.

He explained that when one uses a live vein spiralling around the trunk, it is best to see it starting at ground level and disappearing around the trunk, than only seeing it at the top of the tree. After styling the tree, which came out great, Steve advised Daan to keep it in the shade, and if possible to mist it every day for a couple of weeks.

We were very fortunate to have had Steve at our meeting. ♣

The three styling options that Steve saw.

Steve choose this option.

The final tree.

BRAT vergadering van 29 Januarie 2011

Die eerste BRAT byeenkoms van die jaar is aangebied deur Far West Bonsai kai en is gehou in Randburg. Daar was ’n geweldige goeie opkoms, alhoewel daar omtrent geen lede van die Pretoria kai was nie. Die tema van die byeenkoms was: “Pop bonsai – thinking outside the box.” Daar was ook werklik baie mooi bome op die uitstalling.

Kathy Steyn het almal welkom geheet waarna Sue Belcher ’n kort praatjie gegee het oor die oorsprong van bonsai en hoe dit gevorder het tot vandag. Sy het genoem dat daar vandag dinge bestaan soos “Crash bonsai”, bonsai in die vorm van diere soos honde en olifante, bonsai in snaakse potte ens. Sue het vir ons vertel van ’n boek van Lisa Tajima met die titel “Pop bonsai.” Sue het ook vertel van “herbal bonsai” en “flowering bonsai”.

Louis Nel het daarna ’n aanbieding gegee oor sy besoeke aan plekke soos die Amasone rivier, die “Yellow mountains” in Sjina as ook ander berge wat hy al geklim het. Louis het baie fotos van bome gewys in die natuur wat glad nie die ‘reëls’ wat ons graag in bonsai toepas gehoorsaam nie. Louis sê dat hy met sy rebelse persoonlikheid daarom met opset sulke bome wat hy in die natuur gesien het en wat op hom ’n indruk gemaak het naboots in sy bonsai.

Crash bonsai

Bonsai in die vorm van ’n olifant

Ons probeer byvoorbeeld alle parasiete op ons bonsai vernietig. In die natuur is dit egter algemeen en Louis het twee bome waarop voëlent groei en wat glad nie sy bonsai skade doen nie. Ons glo ook dat stamme nie mag kruis nie. Louis het ’n Buddleja waarvan die stamme kruis en baie lyk na ’n boom wat hy in die natuur afgeneem het. Louis sê dat baie mense nie daarvan hou dat ons ons dooie hout op ons bonsai met “lime sulphur” moet behandel nie want hulle word te wit. Hy het egter vir ons fotos gewys wat hy in die natuur afgeneem het van dooie hout wat spier wit is.



Pop bonsai - deur Lisa Tajima.



Vervolg op bl 10

BRAT vergadering van 29 Januarie 2011 - vervolg

’n Boom in die natuur met stamme wat kruis, en Louis se weergawe.

Ons glo ook nie daaraan dat ons bonsai enigsins “reverse taper” mag hê nie. Louis het bome in die natuur afgeneem wat dit wel het en daarom het hy ook ’n boom wat so lyk. Ons glo ook dat wortels nie bo die grond mag uisteek en oop spasies hê nie. Hy het so ’n boompie wat hy Johnny Walker noem. Louis het nog verskeie ander voorbeelde gewys uit die natuur wat teen ons reëls van bonsai is.
Vervolg op bl 11……..

Bo is ’n boom wat Louis afgeneem het wat twee groot ‘exposed’ wortels het asook ‘reverse taper’ toon. Regs bo is Louis se ‘reverse taper’ boom en regs onder sy Johnny Walker boom.

BRAT vergadering van 29 Januarie 2011 — vervolg

Dave Wilson het toe vir ons 'n aanbieding gedoen oor sy besoek aan die "World Bonsai Convention" in Puerto Rico in 2009.

Tommy Ramiah het op sy gebruiklike humoristiese manier met ons gepraat oor "Breaking the rules… and making the tree". Tommy het sy kommer uitgespreek dat daar so min jong mense is wat bonsai beoefen. Hy glo dit is omdat bonsai, soos wat ons dit beoefen, eenvoudig net te lank neem voordat jy iets mooi het. Hy glo ook dat ons te streng volgens reëls werk en dus te krieties op mekaar se bome is. Tommy glo dat bonsai moet "evolve" sodat ons jong mense geinteresseerd kan kry. Hy vra: waarom nie Phoenix graft maak sodat jy dadelik iets mooi's kan hê nie, en dan stadig en ordentlik werk aan ander bome? Tommy het 'n hele klomp wêreld bekende bome gewys wat al op bekende uitstallings was en wat al pryse gewen het, wat eintlik vol 'foute' is. Wat hy wou wys is dat ons nie noodwendig die reëls so streng hoef toe te pas om mooi bome te kan hê nie. Tommy het ook gevra waarom

Tommy met sy bonsai in 'n koffie blik.

ons tradisionele bakke moet gebruik. Hy het van sy bome in koffie blikke ens.

Die dag se ete en verversings was, net soos die uitstalling, van 'n hoë gehalte. ♣

Motivation.

This tree belongs to Peter Thali. It is a Mugo Pine and was collected in the mountains. The picture on the left was taken in 2002. The picture to the right was taken in 2009 after some careful development and styling.

Bonsai Kalender — Deur Francois van As

Gedurende Maart

Maartmaand is die begin van herfs, wat aangekondig word deur die verskyning van herfskleure en sommige bome wat begin om blare af te gooi.

Wat temperature betref kan ons nog warm dae verwag maar dit gaan begin daal.

Die toediening van bemesting kan verminder word.

Pasop vir te veel stikstof.

Watertoediening is nog steeds baie belangrik en geskied volgens bome se behoeftes.

Gedurende April

April is bekend vir sy herfskleure. Sit terug en geniet jou boompies want daar gaan nou nie veel aan nie.

Vroeë koue kan te wagte wees en rypsensitiewe plante moet vroegtydig beskerm word.

Boompies moet nou minder water kry en bemesting moet heelwat beperk word.

Francois van As



The alternative way to train a windswept.

Snippets

Ter nagedagtenis aan Leon Claassen snr. - deur Charles Ceronio

Dit was met hartseer dat ons Kai verneem het van die afsterwe van wyle Leon Claassen.
Leon was sedert die vroeë sewentigers al lid van die Kai en het hom veral toegespits op die kweking van "Apiesdoringbome".
Hy het later 'n spesialis geword op dié gebied en ons het hom hoog aangeslaan vir sy kennis van hierdie bepaalde soort Acasias.
Leon was nie net 'n uitstekende Bonsai kweker nie maar hy was ook een van die gesiene lede in die publiek.
Hy was as Landmeter opgelei en het as gevolg daarvan 'n baie goeie kennis van die natuur om hom gehad.
Sy liefde vir die veld het derhalwe tot uiting gekom in die natuurlike stylering van sy bome.
Leon was ook later die Direkteur-Generaal van die Departement van Werke en het die pos met onderskeiding hanteer tot en met sy aftrede.
Ons sal Leon se skerpsinnigheid mis en veral die vrae, indien hy nie oortuig was van 'n saak nie. So mens moes maar jou storie ken as jou paadjie met Leon s'n gekruis het.
Gelukkig het Leon Junior sy pa se bome oorgeneem en sal hulle derhalwe vir die toekomstige geslagte behoue bly.

Leon Snr, ons sal jou mis by ons vergaderings.

Our Environment.

If you ever drain the oil from your car, please dispose of it in a responsible manner. Do not throw it down your sewer or storm water drain or bury it in the garden. Take it for recycling, or contact an organisation which collects used oil.

Do you know that one litre of used oil can contaminate one million litres of water?

Vergadering van 5 Februarie

"Tip of the month" - Deur Francois van As

Groei-hormone.

Poeier of vloeistof?

Daar is 'n reeks van hormoonpoeiers in die handel beskikbaar wat vir die stimulering van wortelgroei by steggies gebruik word. Verskillende konsentrasies kom in aparte verpakkings en word soos volg aangedui:

- Nr 1 vir sagtehoutsteggies,
- Nr 2 vir semi-hardehoutsteggies en
- Nr 3 vir hardehoutsteggies

So ruk gelede kon ek nie poeier in die hande kry nie en besluit toe om 'n vloeibare beworteling stimulant te probeer. Ek koop toe die produk DIP 2 ROOT wat deur efecto gemaak word. Hulle beweer DIP 2 ROOT verbeter wortelgroei met tot 90%.

Die voordeel van die vloeistof is dat jy alle konsentrasies uit een enkele houer verkry. Dit is 'n hoë konsentrasie van vloeibare hormone wat met water verdun word om die regte sterkte te kry. Jy maak die buisie, wat jy saam kry, vol water tot by die merk en gebruik die drupperhouer om die verlangde hoeveelheid druppels by die water te voeg.

Konsentrasies wat aanbeveel word:

- 2 druppels vir sagtehoutsteggies,
- 4 druppels vir die meeste steggies en
- 8 druppels vir hardehoutsteggies

Ek het begin Januarie Catoniester steggies in DIP 2 ROOT gedoop. 'n Afgesnyde plastiek koeldrankhouer is bo-oor geplaas om die nodige kweekhuiseffek te kry en die resultate was nogal goed, al die steggies het gevat.

Probleme met onverwagte bewonderaars.

Nie almal se boompies kan op rakke, tafels of staanders uitgestal word nie en moet maar noodgedwonge op die grond of plaveisel staan. My twee honde toon egter 'n belangstelling in my boompies en sal van tyd tot tyd tussen hulle deurstap en hier en daar een merk. Na 'n paar keer se gemerk ruik die omgewing nie meer so aangenaam nie. Ek is ook seker die buurvrou se kat het intussen ook begin belangstel in my Bonsai.

Ek het die oplossing gekry en kan dit regtig aanbeveel. Hulle noem dit "GET OFF MY GARDEN" ons kan net so wel sê "GET OFF MY BONSAI".

Vervolg op bl 15……..

"Tip of the month" - vervolg

Jy strooi van die kristalle tussen jou boompies, hierdie kristalle stel 'n baie soet reuk vry wat dan die hond of kat se reuksintuig deurmekaar maak en hy/sy sal nie weer daar urineer nie. Dit hou onge-veer so een na twee weke, dan moet jy weer strooi. Daar is ook 'n vloeistof beskikbaar wat jy binnenshuis kan gebruik. Die produk is omgewingsvriendelik en is dus onskadelik vir mens, dier en plante. Dit is verkrygbaar by Spar, Pick and Pay en sommige diereklinieke (veeartse).

Gesels met julle boompies, hulle is dalk jou beste vriende of is jy dalk hulle beste vriend.
As jy Afrikaans of Engels met jou Maples, Privits en Elms praat gaan dit eenvoudig nie werk nie, hulle gaan jou nie verstaan nie. As jy dus met hulle wil gesels sal jy hulle in **Japanees** moet aanspreek. Hier is 'n paar voorbeelde:

Groet julle boompies:

· O'hayo · Goei more

Of in die middag:

· Kónnichi-wa · Goeie middag

Sê vir hulle, hulle is pragtig:

· Suteki desu ne

In die somer sal jy vir jou boompies sê:

· Atsui desu · Dit is warm

In die winter sal jy sê:

· Samui desu · Dit is koud

As jy klaar gesels het, water gegee het en so meer, sal jy natuurlik totsiens sê:

· Sayonara

As jy Afrika bome het gaan dit ook nie help as jy hulle in Engels, Italiaans, Spaans, Frans of Japanees aanspreek nie. Jy sal met hulle in 'n Afrikataal moet gesels, byvoorbeeld Sepedi of Afrikaans:

· Dumelang dihlare tsaka, le kae na?

· Goeie môre my boompies, hoe gaan dit met julle?

· Ijo! Eupsa le godile, go tloga mola ke le boneng.

· Maggies maar julle het gegroei vandat ek julle laas gesien het.

Jy is besig om 'n Swart apies te bedraad en een van daardie doringkies kry jou beet:

· Ijo mmawee! Bjale nkane o ntoma.

· Eina demmit, hoe pik jy my nou.

(Jy mag nie lelik met jou boompies praat nie)

· Salang gabotse go fihla re bonana gape.

· Totsiens tot volgende keer

Vergadering van 5 Februarie

Na ’n uur se werk aan bome en ’n interssante “tip of the month”, het Hannes Fritz, bygestaan deur Johan Els met ons gepraat oor die Wonderboom styl.

Die Wonderboom styl, of “Elbow” styl, het sy oorsprong van ’n baie groot en bekende Wilde Vy boom (Ficus salicifolia) wat aan die voet van die Magali-esberg groei. Charles Ceronio was die skepper van die styl in bonsai. Die boom, of selfs groep bome, ontstaan uit ’n natuurlike “layering” proses. Die lang uit-gestrekte takke van ’n wilde vy raak so swaar dat hulle naderhand afbuig en aan die grond raak. Waar die takke die grond raak vorm die tak wortels en daar ontstaan ’n nuwe boom, terwyl die tak wat afgebuig het steeds aan die oorspronklike boom groei. Dit kan rondom die oorspronklike boom plaasvind of slegs aan een kant. Hierdie styl kom in die natuur slegs voor by bome soos die wilde vy wat baie swaar takke het en wat kan buig. Dit sal byvoor-beeld nie by Witstinkhout of Maple bome gebeur nie. Hannes het drie bome gestyl.

Vervolg op bl 17…….

Vergadering van 5 Februarie - vervolg van bl 16

Die eerste was ’n Cycomore vy, die tweede ’n Natal vy en die derde, wat behoort aan Jan Van Loggerenbergook, ’n vy (ons was nie seker wat se soort nie) . Hannes het eerstens die boom uit sy ou bak gehaal en bo grond in die nuwe bak geplaas. Op die posisies waar die takke was wat hy wou afbuig het hy draad van onder deur die bak gedruk sodat dit bo uitstaan. Hannes het die takke bedraad en die wat hy wou gebruik vir die elmboë afgebuig en vasgemaak met die draad wat hy van onder af deur die bak gesteek het. Hy het gesê dat dit raadsaam is om die bas liggies te stroop aan die onderkant van die tak waar hy wortels moet maak. Dit is egter nie noodsaaklik by vye nie omdat hulle maklik wortels skiet. Hy het wel met Jan se boom op een tak die bas gestroop en hormoon poeier aangesit.
Dit sal interessant wees om die vordering van die bome oor ’n jaar of wat weer te sien. ♣

The individual opinions expressed in this issue are not necessarily those of the Pretoria Bonsai Kai.